24 Oktober **Skrifgedeelte: Eksodus 25:1-9; 31:1-11; 35:10; 36:7**

God voorsien die gawes vir sy werk

God verduidelik aan Moses presies wat Hy verwag en die eise wat die voorgestelde planne stel, is hoog. Dit sou vragte goud, silwer en brons verg, asook fyn vakmanskap. Sou ‘n pas bevryde slawevolk dit kon baasraak? Moes Hy nie eers die gawes gevra het en toe die planne volgens die beskikbare middele opgetrek het nie?

Wanneer die volk egter die gawes bring, is daar genoeg. Om die waarheid te sê daar is meer as wat nodig is, want God self het voorsien. Hy het immers gesorg dat die Egiptenaars die arm slawe ryklik met geskenke oorlaai tydens die uittog (Eks 12:35,36). Hy skenk ook die vakmanne deur self mense met die nodige gawes toe te rus deur sy Heilige Gees.

Só werk God. Wanneer Hy vra, lyk dit dikwels asof Hy te veel vra. Menslik gesproke lyk dit dikwels asof ons dit nooit sal kan bykom nie. Dink maar byvoorbeeld aan die tiende wat sy Woord van ons vra. Die huishoudelike begroting wil dan nie eers klop vóór die aftrekking van die tiende nie! Onthou egter dat God nooit vra wat Hy nie ook voorsien nie. Wanneer ons in die geloof doen wat God vra, ten spyte daarvan dat ons menslik gesproke nie die uitkoms kan sien nie, sal ons verstom staan met die resultaat aangesien ons sal vind dat daar nie net genoeg is nie, maar te veel.

Sing: Psalm 105:20,22 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)